

Registered at the GPO as
a newspaper

+

august
1974

PRO VERITATE

PRO VERITATE

CHRISTELIKE MAANDBLAD
REDAKTEUR: ROELF MEYER V.D.M.

15 AUGUSTUS 1974
JAARGANG 13 NR. 4.

INHOUD

Redaksioneel: GEORGANISEERDE CHAOS?	1
Editorial: ORDERED CHAOS?	2
S.A.R.K. BEVRAAGTEKEN GEWELD	3
BLANKE REAKSIE ONTWYK PROBLEEM	4
S.A.C.C. QUESTIONS VIOLENCE	6
WHITE REACTION EVADES THE ISSUE	7
ALTERNATIEF VIR GEWELD?	8
Geweeg en ...?/Weighed and ...? S.A.C.C. AT HAMMANSKRAAL	10
the root of the matter: BOXES : TERROR OR FREEDOM? A CHANGE OF HEART A DISPLACED PERSON IS NO GENTLEMAN	20
A CANON ON THE CROSS	22
FIVE YEARS WITHOUT MISSIONARIES	24

SUBSCRIPTION payable in advance. Surface mail S.A. and S.W.A. R3, airmail R4 20. Surface mail African States and Rhodesia R3 50, airmail R6. Seamail United Kingdom and Europe R3 50, airmail R6. Seamail America R3 50, airmail R7. Cheques and postal orders to be made payable to Pro Veritate (Pty) Ltd., P.O. Box 31135, Braamfontein, Transvaal. Price per single copy 25c.

NEDERLAND: Zeepost f 14 50. Luchtpost-editie f 24 50. Alle Betalingen voor Pro Veritate of het Christelijk Instituut voor Z.A. kunnen geschieden op Giro 8685 t.n.v. de Generale Diaconale Raad der Ned. Herv. Kerk te Utrecht—met opgave doel der betaling.

PLEASE NOTE: The Editorial Staff of Pro Veritate are not responsible for opinions and standpoints which appear in any article of this monthly other than those in the editorial statements. Printed by Zenith Printers (Pty) Ltd., 80 Jorissen Street, Braamfontein, Johannesburg.

PRO VERITATE appears on the 15th of every month.

GEORDENDE CHAOS?

Die emosionele blanke reaksie op die Hammanskraal-besluit van die S.A.R.K., toon in 'n groot mate dat die onderliggende veronderstelling van die blanke (en sy regering) die mite is dat die huidige sisteem, die „afsonderlike ontwikkelingsbeleid” in Suid-Afrika, ervaar word as deur God georden, of ten minste gesanksioneer is. Gevolglik word daar dan ook oproepe gehoor dat dit God sê wil is dat die huidige bestel, die status quo, tot die dood met geweld verdedig moet word.

Indien die samelewingstrukture wel permanente, half-ewigdurende Godgegewe ordes was, sou 'n mens kon verwag dat jy die hoogste eerbied daarvoor sou hê en 'n verantwoordelikheid aan die strukture verskuldig is, wat jy moontlik ook tot die uiterste moet verdedig.

Samelewingstrukture, 'n politieke bestel en 'n politieke beleid is egter mensgefabriseerde, varieerbare sake sodat die Christen nie 'n houding van passiewe afgodiese handhawing daarteenoor kan handhaaf nie, maar wel verantwoordelikheid daarvoor moet neem.

Indien die Suid-Afrikaanse samelewingstrukture in bogenoemde sin ontgoddelik word, sal die fanatiese verafgoding van die politieke ideologie en verdediging daarvan tot die uiterste, ook verdwyn. Die regering en die oorgrote meerderheid blankes verwag op die oomblik, selfs met jou lewe in die leër, ondersteuning van 'n apartheids-ideologie wat fundamenteel onChristelik en onregverdig is en wat sonder enige aandeel van die grootste meerderheid van die mense in Suid-Afrika

opgestel is. Sodanige optrede behoort in enige dergelike situasie ernstige weerstand van Christene, wat die evangelie as norm vir die lewe op alle terreine aanvaar, oproep. Die Christene in die antieke wêreld was nie met die „pax Romana” (die vrede van die Romeinse Ryk) tevrede nie, maar het getuig en gewerk vir die „pax Christi” (die vrede van Christus). Die vroeë Christene het destyds geweier om aan militêre opleiding of militêre aksie deel te neem.

In Suid-Afrika is Christene ook nie tevrede met die „vrede” van „apartheid-Suid-Afrika” wat op diskriminasie op grond van ras gebaseer is nie, maar getuig en werk daarvoor dat die vrede van Christus wat op geregtigheid en liefde gebaseer is, ook op politieke terrein sal kom. Dit behoort met afwysing van institusionele of reaksionêre geweld nagejaag te word.

Die blanke redeneer dat die huidige bestel, moontlik t.s.v. baie sake wat reggestel moet word, ten minste orde in die land verseker en chaos uithou sodat die verkondiging van die evangelie in Suid-Afrika kan voortgaan.

Die swarte sê egter dat hy nou onder 'n sisteem lewe wat 'n chaotiese uitwerking op sy lewe het, wat die huidige bestel van trekarbeid, diskriminasie, gebrek aan politieke regte, armoede, ens., ens., betref.

Dus die een, die blanke, sê daar is orde; die ander, die swarte, sê daar is chaos—die balansstaat van die twee? Geordende chaos?

ORDERED CHAOS?

The emotional white reaction to the Hammanskraal decision of the S.A.C.C. shows in a great measure that the underlying conviction of the whites (and their government) is the myth that the present system, "the policy of separate development" in South Africa, is accepted as divinely ordained or at least divinely sanctioned. Consequently it is also claimed that it is God's will that the existing dispensation, the status quo, must be defended by violence if needs be even unto death.

If the structure of society were indeed a permanent, well-nigh eternal, God-given structure, one would naturally have the highest reverence for it and would perhaps owe it a responsibility calling for its defence to the very utmost.

Social structures, political orders and political policies, are however mere man-made things of a variable nature, towards which the Christian cannot maintain a passive, idolatrous attitude; nevertheless he must accept responsibility for it.

If false sentiment is removed from the structure of S.A. society, once it is debunked, the fanatical idolizing of the political ideology and the claims that it should be defended to the utmost would also disappear. The government and the great majority of whites at the moment demand a support for the ideology of apartheid which is fundamentally un-Christian and unjust and which was established without any part being played by the great majority of the people of South Africa. Such action in any similar situation would arouse serious opposition

of those Christians who accept the Gospel as the norm of life in all spheres. The Christians of the ancient world were not satisfied with the Pax Romana (the Peace of the Roman Empire), but witnessed to and worked for the Pax Christi (the Peace of Christ). The early Christians at that time refused to undergo military training or to take part in military action.

In South Africa likewise Christians are not satisfied with the "peace" of "apartheid South Africa" based as it is on discrimination on the grounds of race, but they witness to and work towards the establishment of the peace of Christ based on justice and love in the political sphere as well. This should be achieved by rejection of institutional or reactionary violence.

Whilst realizing that there are many matters which require adjustment, *the whites* argue that the present dispensation at least ensures order in the land and obviates chaotic conditions, and that in this situation the Gospel can continue to be proclaimed in South Africa.

The blacks, however, say that they now live under a system which has a disrupting effect on their lives insofar as the present system of migratory labour, discrimination, lack of political rights, poverty etc., are concerned.

Thus one, the white man, says there is Order; the other, the black man, says there is Chaos. Is such a concurrence of opposites feasible—Ordered Chaos?

S.A.R.K. BEVRAAGTEKEN MILITERE GEWELD

Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke het op Vrydag, 2 Augustus by sy jaarlikse konferensie by Hammanskraal, onder andere die volgende voorstel, wat deur dr Douglas Bax voorgestel is en deur dr Beyers Naudé gesekondeer is, aangeneem.

Die nasionale konferensie van die S.A.R.K. erken God as die Een en Enige God, wat die volk Israel so magtig uit hulle slawerny in Egipte bevry het en wat nog steeds in Jesus Christus verkondig dat Hy „aan gevangenes vrylating verkondig” (Luk. 4:19). Hy alleen is die opperste Heer en Redder en aan hom alleenlik is ons finale gehoorsaamheid verskuldig. Gevolglik moet ons „aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense” op daardie gebiede waar die regering faal om sy roeping na te kom om „’n dienaar van God ... ten goede” eerder as ten kwade en ter onderdrukking te wees (Hand. 5:29; Rom. 13:4).

In die lig van bogenoemde wil die konferensie

1. daarmee volhou dat Christene geroepe is om na geregtigheid en die ware vrede, wat alleenlik op geregtigheid gebaseer kan word, te strew;
2. nie aanvaar dat dit outomaties die plig van die volgelinge van Christus, die Vredevors, is om in geweld en oorlog betrokke te raak, of om gereed te maak om in geweld en oorlog betrokke te raak, wanneer die staat dit ook al eis nie;
3. sy lidkerke daaraan te herinner dat beide die Rooms-katolieke en die Reformatoriese teologie die opneem van wapens as regverdigbaar beskou het, indien dit enig-sins sou kon, alleenlik met die doel om ’n „regverdige oorlog” te maak;
4. daarop wys dat die teologiese definisie van ’n „regverdige oorlog” oorlog in die verdediging van ’n samelewing wat basies onregverdig en diskriminerend is, uitsluit;
5. daarop wys dat die Republiek van Suid-Afrika op die oomblik ’n fundamentele onregverdige en diskriminerende samelewing is en dat hierdie onreg en diskriminasie die primêre, geïnstitusioneerde geweld, wat die teengeweld van die terroriste of vryheidsvegters uitgelok het, konstitueer;

6. daarop wys dat die militêre magte van ons land gereed gemaak word om hierdie onregverdige en diskriminerende samelewing te verdedig en dat die bedreiging van militêre geweld inderdaad alreeds gebruik word om die status quo te verdedig teen stappe vir radikale vernuwing van buite die kring van blanke kiesers;
7. daarmee volhou dat dit skynheilig is om die geweld van terroriste of vryheidsvegters te betreur terwyl ons gereed maak om ons samelewing met sy primêre, geïnstitueerde geweld met steeds meer geweld te verdedig;
8. verder daarop wys dat die onreg en onderdrukking waaronder die swart mense van Suid-Afrika gebuk gaan, veel erger is as dit waarteen die Afrikaners hulle Eerste en Tweede Vryheidsoorloë gevoer het, en dat as ons die Afrikaner se toevlug tot geweld (of die geweld van die Engelse imperialisme) geregverdig het, of daarop aanspraak gemaak het dat God aan hulle kant was, dit skynheilig is om te ontken dat dieselfde vandag vir die swartmense in hulle worsteling geld;
9. die grondslag waarop kapelane vir die militêre magte gesekondeer word, bevraagteken sodat hulle teenwoordigheid nie morele ondersteuning vir die verdediging van ons onregverdige en diskriminerende samelewing sou aandui nie.

Gevolglik besluit die konferensie die volgende :-

Die konferensie

1. betreur geweld as ’n metode en probleme op te los;
2. doen ’n beroep op sy lidkerke om al hulle lede uit te daag om in die lig van bogenoemde te oorweeg of Christus se oproep om die kruis op te neem en hom te volg in die identifisering met die onderdruktes nie, in ons situasie, beteken om betrokke te raak om beswaar te maak op grond van hulle gewete nie;
3. doen ’n beroep op daardie lidkerke wat kapelane in die militêre mag het om die basis waarop hulle aangestel is, te heroorweeg en om die staat van pastorale sorg te ondersoek wat vir die lidmate, wat op die oomblik in ballingskap is, of wat buite ons grense is, beskikbaar is



en om weë en middele te probeer vind om te verseker dat sodanige pastorale sorg behoorlik uitgevoer sal word;

4. beveel die moed en getuienis van hulle aan wat gewillig was om tronk toe te gaan uit protes teen onregverdige wette en beleid in ons land, en wat ons almal met hulle voorbeeld uitdaag;
5. versoek die S.A.R.K. se taakgroep oor geweld en nie-geweldadigheid om metodes van nie-gewelddadige aksie

vir verandering te bestudeer wat by die lidkerke van die S.A.R.K. aanbeveel kan word;

6. bid vir die regering en die mense van ons land en doen dringend 'n beroep op hulle om spoedige stappe tot radikale en vreedsame veranderinge in ons samelewing te weeg te bring sodat die geweld en oorlog waarna ons sosiale, ekonomiese en politieke beleid ons lei, vermy kan word.

die s.a.r.k. se besluit oor christelike gewetensverset:

BLANKE REAKSIE ONTWYK PROBLEEM



Die volgende verklaring gedateer 5.8.74 van dr Beyers Naudé, direkteur van die Christelike Instituut, ds Brian Brown, administratiewe direkteur van die Christelike Instituut en Roelf Meyer, studieseekretaris van die Christelike Instituut en redakteur van Pro Veritate is 'n kommentaar op die besluit van die S.A.R.K. oor Christelike gewetensverset en 'n reaksie op verskeie persone se kritiek op die besluit.

1. Die basiese misverstand in alle blanke reaksie op die S.A.R.K. se besluit sover, (wat N.G. Kerkpredikante, die Klerksdorpse Presbiteriaanse gemeente, mnr Fred van Wyk van die Instituut vir Rasseverhoudinge, kabinetsministers en die Verenigde- en Progressiewe Partye insluit), is dat die oorlog op die grense van Suid-Afrika 'n stryd teen vreemde aggressie, 'n aanval van „buite”, is, terwyl die swartman dit basies as 'n *burgeroorlog* sien. Suid-Afrikaners wat die land uitgevlug het, is hoofsaaklik vir dié stryd verantwoordelik. Die stryd op die grense word dan gesien as 'n stryd tussen Suid-Afrikaner en Suid-Afrikaner, broer teen broer. Kritici wat nie hiermee rekening hou

nie, sal nie die besluit van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke by Hammanskraal, wat deur 'n vergadering, waarvan ongeveer twee-derdes swart was, volgens sy meriete kan beoordeel nie.

Dit is skokkend dat die apartheidspropaganda so heelhuids gesluk is, nl. dat dit alleenlik Kommunistiese terrorisme is wat Suid-Afrika van buite af wil inval.

2. Die blanke reaksie toon ook duidelik dat die blankes ook nie gewillig is om na die outentieke *swart* stem in Suid-Afrika te luister nie. Die meerderheid wat die besluit geneem het, was swart kerkleiers van oor die hele land. As dié reaksie die kwaliteit dialoog en kontak tussen swart en wit openbaar, wag daar groot ontugtering en ramspoed op Suid-Afrika tensy dat die blanke gewillig word om ook na die swartman te luister.
3. Die emosionele en politieke reaksie ook van kerkleiers op 'n teologiese oproep tot die verskillende kerke, wat op die evangelie gefundeer is en die doelbewuste koppeling daarvan aan die steun vir terroriste, is 'n duidelike bewys daarvan dat die evangelie in die blanke gemeenskap as ideologie gebruik word om die status quo van 'n maatskappy wat op fundamentele onreg gebou is, te verdedig.
4. Dit is duidelik dat die primêre geweld wat in die apartheidsstelsel ingebou is, sowel as die geweld as metode tot verandering wat deur die terroriste of vryheidsvegters gebruik word, deur die besluit van die S.A.R.K. met die bewoording „die konferensie betreur geweld as 'n metode om probleme op te los” afgekeur is. Gevolglik behoort daarvoor geen twyfel te bestaan nie. Waarom dan al die leuens en verdraaiing asof the S.A.R.K. nou skielik die guerilla-vegters se geweld steun? Is dit miskien omdat dié kritici voel dat hulle nie die meriete van die besluit vanuit die evangelie van Jesus Christus kan weerlê nie?

5. Dit is duidelik dat die S.A.R.K. met die besluit die skaakmat waarin die apartheidspropaganda almal probeer forseer het deur of vir dié sisteem, of vir terrorisme te wees, deurbreek het en 'n derde weg, dié van die evangeliese afwysing van geweld as metode om probleme te probeer oplos, aandui. Die Christelike weg is dié van versoening wat op geregtigheid en vryheid gebaseer is.

6. Wat spesifieke kritiek betref, is dit belangrik dat *dr Koot Vorster* in sy ondersteuning van die status quo slegs die eerste deel van Christus se uitspraak, nl. „betaal aan die keiser wat aan die keiser toekom” aanhaal, volgens die berig in die *Rand Daily Mail*, 5.8.74. Deur die tweede deel in hierdie verband weg te laat, beteken dit dat *dr Vorster* die regering verhef tot dié gesag waaraan alle burgerlike gehoorsaamheid finaal onderworpe moet wees. Ook die Presbiteriaanse gemeente van Klerksdorp sê sonder meer dat dit „die verpligting van elke Christen is om aan die regerende outoriteit gehoorsaam te wees”. Omdat Christus die gehoorsaamheid aan die keiser fundamenteel kwalifiseer en sy gesag aan God se wil onderworpe maak met die tweede deel van die teks, nl. „en (betaal) aan God wat aan God toekom”, kan die keiser en alle regerings nooit gehoorsaamheid van die onderdane vereis wat met die evangelie in stryd is nie. Daarom moet God ook bo die regering gehoorsaam word, al beteken dit siviele ongehoorsaamheid—die regering self kan ook 'n kwaaddoener word (Rom. 13:4) en sy kwaad met geweld probeer verdedig en ook van Christene eis en verwag dat dit gesteun moet word. Moet die Christen so 'n regering dan onvoorwaardelik gehoorsaam?

7. Wat die vraag van *mnr van Wyk* in Rapport van 4.8.74 betref, nl., of die ondersteuners van die verklaring van die S.A.R.K. „enige waarborg het dat die militêre aanvallers van die bestaande bewind in Suid-Afrika self noodwendig 'n regverdiger en meer Christelike orde hier te weeg sal bring” die volgende:

Die vraag impliseer dat die S.A.R.K. die geweldvolle militêre aanvallers van die bestaande bewind steun. Dit is beslis nie korrek nie omdat die besluit geweld „betreur as 'n metode om probleme op te los”. *Mnr van Wyk* stel die S.A.R.K. voor 'n valse keuse met sy vraag: Hy stel dit so asof dit 'n keuse is tussen dié van die bestaande onregverdige orde, en dié van ongenoemde militêre aanvallers.

Die besluit van die S.A.R.K. impliseer egter 'n derde keuse, wat ons ook bepleit, nl. dié van 'n regering waarin die swart gemeenskap 'n effektiewe verteenwoordigheid en basiese Godgegewe menseregte, wat die blankes geniet, ontvang. Dit sal die bedreiging van 'n militêre konfrontasie op ons grense (en ook binne die landsgrense) neutraliseer en 'n vreedsame, ordelike politieke ontwikkeling kan verseker met die steun van die




oorgrote meerderheid van die bevolking van die land. Indien so 'n regering 'n onregverdige of onmenslike beleid sal ontwikkel of propageer, sal enige verantwoordelike Raad van Kerke met wat die evangelie erns maak, presies op dieselfde wyse reageer.

8. As die bevraagtekening van die neem van iemand anders se lewe in die verdediging van 'n sisteem, wat ooglopend nie in ooreemstemming is met die geregtigheid van die evangelie van Christus nie, deur die *Presbiteriaanse gemeente van Klerksdorp* gesien word as 'n bysaak wat op die rand van die bestek van die evangelie lê, moet in die Naam van die Skepper gevra word wat dan wel die evangelie is!

Ons veronderstel dat die gemeente in Klerksdorp 'n blanke gemeente is wat sê dat „hierdie besluit van die S.A.R.K. mense van die kerk vervreem”—verre daarvandaan! Elke swart Christen met wie ons die saak bespreek het, het hulle vreugde met die Christelike getuienis van Hammanskraal betuig en dit onderskryf as 'n geldige verwerping van die gewelddadige sisteem wat Suid-Afrika onregverdighik probeer verdedig.

As dit „die Godgegewe plig van elke Suid-Afrikaner van alle rasse-groepe is om gewillig te wees om tot die dood toe te veg om sy land te verdedig” (Klerksdorp-gemeente), dan het Christus jammerlik in sy plig tot God gefaal—Hy het nie die Selote in hulle militêre poging om die Romeinse juk vir Israel omvêr te werp, ondersteun nie. Die suggestie dat deur 'n weiering om dood te maak, Christene hulle „Godgegewe plig versaak”, is Christene en die evangelie onwaardig. ★

S.A.C.C. QUESTIONS MILITARY VIOLENCE



uit Het Parool

The South African Council of Churches took the following resolution on Friday, 2nd August, 1974 at its annual Conference at Hammanskraal. Dr. Douglas Bax proposed the motion and Dr. Beyers Naudé seconded it.

The National Conference of the SACC acknowledges as the one and only God Him who mightily delivered the people of Israel from their bondage in Egypt and who in Jesus Christ still proclaims that He will "set at liberty those who are oppressed" (Luke 4:18). He alone is supreme Lord and Saviour and to Him alone we owe ultimate obedience. Therefore "we must obey God rather than men" in those areas where the Government fails to fulfil its calling to be "God's servant for good" rather than for evil and for oppression (Acts 5:29; Romans 13:4).

In the light of this the Conference :

1. Maintains that Christians are called to strive for justice and the true peace which can be founded only on justice;
2. does not accept that it is automatically the duty of those who follow Christ, the Prince of Peace, to engage in violence and war, or to prepare to engage in violence and war, whenever the State demands it;
3. reminds its member Churches that both Catholic and Reformation theology has regarded the taking up of arms as justifiable, if at all, only in order to fight a "just war".
4. points out that the theological definition of a "just war" excludes war in defence of a basically unjust and discriminatory society;
5. points out that the Republic of South Africa is at present a fundamentally unjust and discriminatory society and that this injustice and discrimination constitutes the

primary, institutionalised violence which has provoked the counter-violence of the terrorists or freedom fighters;

6. points out that the military forces of our country are being prepared to defend this unjust and discriminatory society and that the threat of military force is in fact already used to defend the status quo against moves for radical change from outside the white electorate;
7. maintains that it is hypocritical to deplore the violence of terrorists or freedom fighters while we ourselves prepare to defend our society with its primary, institutionalised violence by means of yet more violence;
8. points out further that the injustice and oppression under which the black peoples of South Africa labour is far worse than that against which Afrikaners waged their First and Second Wars of Independence and that if we have justified the Afrikaners' resort to violence (or the violence of the imperialism of the English) or claimed that God was on their side, it is hypocritical to deny that the same applies to the black people in their struggle today;
9. questions the basis upon which chaplains are seconded to the military forces lest their presence indicate moral support for the defence of our unjust and discriminatory society.


The Conference therefore :-

1. deplores violence as a means to solve problems;
2. calls on its member churches to challenge all their members to consider in view of the above whether Christ's call to take up the Cross and follow Him in identifying with the oppressed does not, in our situation, involve becoming conscientious objectors;
3. calls on those of its member churches who have chaplains in the military forces to reconsider the basis on which they are appointed and to investigate the state of pastoral care available to the communicants at present in exile or under arms beyond our borders and to seek ways and means of ensuring that such pastoral care may be properly exercised;
4. commends the courage and witness of those who have been willing to go to jail in protest against unjust laws and policies in our land, and who challenge all of us by their example;
5. requests the SACC's task force on Violence and Non-violence to study methods of non-violent action for change which can be recommended to its member churches;
6. prays for the Government and people of our land and urgently calls on them to make rapid strides towards radical and peaceful change in our society so that the violence and war to which our social, economic and political policies are leading us may be avoided. ★

the s.a.c.c.'s call concerning conscientious objection:

WHITE REACTION EVADES THE ISSUE

1. The basic misunderstanding in the sum-total of white reaction thus far (including that of ministers of the N.G. Church, the Klerksdorp Presbyterian congregation, Mr Fred van Wyk of the Institute of Race Relations, cabinet ministers and the United and Progressive Parties) about the decision of the S.A.C.C. on conscientious objection is that the struggle on the borders of South Africa is a struggle against foreign aggression, an attack from 'outside', while the black man sees it basically as a *civil war*. South Africans who have fled from the country are mainly responsible for the conflict. The struggle on the borders is then seen as a struggle of South African against South African, of brother against brother. Critics who do not take this into account are not capable of judging on its merits the resolution of the S.A.C.C. at Hammanskraal which was taken at a meeting at which about two-thirds of those attending were black.
It is a shocking thing that apartheid propaganda has been swallowed hook, line and sinker, the propaganda, namely, that insinuates that South Africa is being attacked from outside its borders only by communistic terrorism.
2. The white reaction also shows clearly that the whites are not willing to listen to the authentic *black* voice in South Africa. The majority who passed the resolution at Hammanskraal were black leaders, representatives from over the whole country. If the reaction reveals the quality of dialogue and contact between black and white, then there is great disillusionment and calamity in store for South Africa until such time as the whites are willing to listen to the voice of the black man.
3. The emotional and political reaction of the Church leaders to a theological call to the various churches based on the gospel and a definite linking of this with the support of terrorists is clear proof that the gospel is regarded by the white community as an ideology to defend the *status quo* of a society erected on a basis of fundamental injustice.
4. It is clear that the primary violence built into the system of apartheid, as well as the violence used by terrorists or freedom fighters as a method towards change is rejected by the resolution of the S.A.C.C. which reads: "The Conference deploras violence as a means to solve problems". In the light of this statement no doubt should remain. Then why all the lies and distortions being bandied about?—as if the S.A.C.C. had now suddenly come out in support of the guerilla fighters. Is it perhaps that the critics feel that they cannot refute the merits of the resolution on the grounds of the gospel of Jesus Christ?
5. Quite clearly the S.A.C.C. through this decision has defeated the checkmate by which apartheid propaganda had tried to force every individual to align himself either with this system or on the side of terrorism; a third way, that of evangelical rejection of violence, as a method of solving our problems has emerged. This is the Christian way of reconciliation based on justice and freedom.
6. With reference to specific criticisms it is interesting to note that according to a news item in the Rand Daily Mail of 5.8.74, *Dr Koot Vorster* in his support of the *status quo* has quoted only the first part of the text: "Render unto Caesar what belongs to Caesar". By omitting the second part in this context, Dr Vorster has in effect raised the government to the supreme authority to which all civil obedience must finally be subject. The Presbyterian congregation of Klerksdorp also says unequivocally that "it is the duty of every Christian to be obedient to the ruling authority". In the second part of the text Christ qualified fundamentally the necessity of obedience to Caesar; his authority is made subject to God's will; thus "and render unto God what belongs to God". Neither Caesar nor any government can demand obedience of its citizens which is in conflict with the gospel. Therefore God must be obeyed before the government, even if this involves civil disobedience. The government itself can be an evildoer (Rom. 13:4) and try to defend its evil by resort to violence demanding of Christians that such must be supported. Must the Christian give unquestioning obedience to such a government?
7. Regarding the question put by *Mr van Wyk* (reported in Rapport of 4.8.74) viz. whether the supporters of the statement of the S.A.C.C. "have any guarantee that those responsible for the



military attack on the existing government in South Africa would necessarily bring about a more just and more Christian order", we would reply: The question implies that the S.A.C.C. supports the violence of the military attack. This is most decidedly not so; the statement in fact reads: "the Conference deplores violence as a means to solve problems". Mr van Wyk places the S.A.C.C. in a false position with his question. He puts it in such a way as to suggest that there are but two alternatives, viz. between that of the existing unjust order, and that of the unnamed military attackers.

The decision of the S.A.C.C. in fact implies a third choice which we also support, namely that of a government in which the black community receives effective representation and its God-given human rights such as the whites enjoy. Such a system would neutralize the threat of a military confrontation on our borders (and also within our country's borders) and would ensure a peaceful, orderly, political development enjoying the support of the overwhelming majority of the population of the country. If such a government develops or propagates an unjust or inhuman policy, every responsible Council of Churches which takes the Gospel seriously, would react in precisely the same way.

8. If the question of taking someone else's life in defence of a system which obviously is in conflict with justice according to the gospel of Christ, is regarded by the *Presbyterian congregation of Klerksdorp* as a side-issue within the ambit of the Gospel, it must be asked—in the name of the Creator, what then is the Gospel?

We presume that the congregation in Klerksdorp is a white congregation which says that "this resolution of the S.A.C.C. alienates people from the Church"—how far from the mark! All the black Christians with whom we have discussed the matter expressed their joy over the Christian witness at Hammanskraal and endorsed it as a valid rejection of the system of violence which South Africa tries in an unjust way to defend.

If "it is the God-given duty of every South African of whatever race group to be ready to fight to the death to defend his country" (Klerksdorp congregation) then Christ failed lamentably in his duty to God. He did not join the Zealots in their military attempt to overthrow the Roman yoke for Israel. The suggestion that by a refusal to kill, Christians forsake their God-given duty is unworthy of the Gospel and of Christians.

Beyers Naudé

Brian Brown


Roelf Meyer

hammanskraal en n g kerk in afrika

**BLANKE MOET ALTERNATIEF
VIR GEWELD GEE** **tokatso mofokeng**

Die wêreldraad van Kerke het 'n fonds gestig ter bestryding van rassisme. Uit hierdie fonds het ons vernem dat die „bevrydingsorganisasies” wat guerilla oorlog aan die noordelike grense van Suid-Afrika voer, gefinansier word.

Nadat hierdie fonds gestig is, het die kerk in Suid-Afrika onmiddellik die Wêreldraad van Kerke veroordeel omdat hierdie liggaam ge weld en bloed vergieting subsidieer.



Tot vandag toe kom daar nog reaksies uit kerke orals in die wêreld wat die Wêreld-raad van Kerke vermaan om dié daad te staak.

Die kerke en persone wat hierdie raad veroordeel het en nog veroordeel kon nie daar stilstaan nie. Die hele wêreld het nog altyd gewag vir die bied van 'n alternatief. Die voor die handliggende alternatief is natuurlik 'n vreedsame oplossing van persoonlike en volkere probleme.

Maar die voorstel van hierdie alternatief wil nog nie sê dat die probleme opgelos is nie. Die hele wêreld, veral die minder- en onbevoorregte mense, het nog gewag vir die praktiese implimentering van hierdie alternatief. Maar daar het nog geen alternatief gekom van die kerke en mense wat die hewigste kritiek na die Wêreldraad van kerke geslinger het nie.

Hammanskraal

Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke het by sy onlangse konferensie by Hammanskraal naby Pretoria met hierdie werklikheid geworstel. Die hele wêreld en ook Suid Afrika se oë was op daardie sitting gevestig. Hierdie raad het dit ook geweet. Iets moes voorgestel word en uiteindelik het die „gewetensbesluit” gekom.

Hierdie gewetensbesware is geen nuwe ding by ons swart Christene nie. Dit is 'n bekende aanklag teen die ou sendelinge dat hulle met die Bybel in die een hand en die geweer in die ander na die swart wêreld gekom het.

Swartmense kon hierdie koms van die Christendom na Afrika nie vergeet nie, omdat dit, wat swartmense betref, nie versoenbaar is met die vrede en liefdesprediking van die hele Christelike boodskap nie.

Die kerk het nog nie op hierdie aanklag van die swartmense geantwoord nie. Die tyd het nou aangebreek vir die kerk om te sê of die ou aanklag nog geldig is of nie?

Die tragedie van hierdie saak lê daarin dat die swartmense nou aan dieselfde kerke behoort wat aangekla is en wat nou 'n antwoord moet gee. Dit wil sê dieselfde swartman wat die aanklag gemaak het, moet daar wees om die antwoord te formuleer.

Burgeroorlog

Die eerste keer in die geskiedenis van die swart

Christene is ons genoodsaak om 'n teologie van oorlog te aanvaar of te verwerp. Dit is makliker vir die blanke kerk en die hele blanke bevolking in die algemeen om 'n keuse te maak, omdat die wit seuns aan die een kant van die konflik staan.

Maar vir swartmense, of swart Christene, is dit nie so eenvoudig nie, omdat swart seuns aan albei kante van die konflik staan. Daarom is dit nie meer 'n saak van 'n aanval op Suid-Afrika maar 'n broer teen broer oorlog wat meer is as 'n burgeroorlog.

Daarom sal swartmense dit waardeer as die blankes wat hierdie dae oor die besluit van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke praat, hierdie posisie in gedagte sal hou. As daar iets is wat die kerk kan doen om daardie bloedvergieting te verminder of te stop, moet dit gou gedoen word.

As die kerk van Suid-Afrika wie se seuns aan albei kante van die grens sneuwel, nie nou iets doen nie, sal die aanklag van die swartmense, dit wil sê dat die witman nog met die Bybel in die een hand en die geweer in die ander kom, nog staan.

Wat beteken die besluit van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke? Beteken dit dat Suid-Afrika moet „hensop” en aan genadelose slagting blootgestel word? Of beteken dit dat as die geluid van gewere ophou, daar 'n atmosfeer geskep moet word om die geluid van mensestemme rondom 'n dialoogtafel hoorbaar te maak.

Wanneer hierdie besluit aangeval word, moet dit duidelik wees dat die swartmense in die meerderheid was by daardie konferensie.

Wanneer hierdie vredesaanbod aangeval word, moet ons sien dat ons nie die meerderheid swart kerkleiers verloor nie. Daar moet geluister word na die stemme van swart kerkleiers wat die Bybel in albei hande hou.

Die kerk van Suid-Afrika is met hierdie verklaring van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke op die kruispad—swart en wit Christene staan voor 'n keuse om uitmekaar te gaan of om ter wille van die Bybel saam te staan.

—Oggenblad, Pretoria, 7.8.74.

WEIGHED AND ...?

THE S.A.C.C. AT HAMMANSKRAAL

DIE S.A.R.K. BETREUR VOLKSVERSKUIWINGS

Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke het by sy jaarvergadering by Hammanskraal ook die volgende besluit geneem:

1. Die Nasionale Konferensie beskou met afsku die voorgestelde verskuiwing van meer as 130 000 burgers van Lebowa, waarvan sommige vir die derde keer verskuif word.
2. Die Konferensie rig 'n waarskuwing tot die regering dat hierdie verskuiwings, wat dade van geweld is, die bestaande frustrasie en bitterheid van die swart gemeenskap vermeerder.
3. Die verwagte R53-miljoen wat vir die verskuiwing benodig word, behoort eerder vir die dringende gesondheids-, onderwys- en arbeidsbehoefte van hierdie mense aangewend te word.
